

13 Oktober

Eksodus 15:20-27

(Teks: 15:24 en 25)

### ***Bitter water word soet***

As die Israeliete by Mara aankom en die bitter water nie kan drink nie, kla hulle by Moses: "Wat moet ons drink?" Eintlik wil hulle vir Moses sê: Sorg jy dat ons water kry! Dit was Moses se eerste ontmoeting met die bittere omstandigheid van sy volk waarmee hy later baie te doen sou kry.

En wat doen Moses nou? Verwyd hy die volk oor hulle kleingeloof? Nee, hy bid. Wat hy gebid het word nie vir ons gesê nie. Maar ons weet - dis 'n gebed dat God genadiglik moet voorsien. En die Here luister: Moses moet 'n stuk hout in die water gooi - en die water het soet geword.

Deur die waters van Mara wou die Here sy volk op die proef stel. En hoe het hulle gebrek aan geloof nie na vore gekom nie! Dis daarom dat die Here hulle waarsku om te doen wat reg is in sy oë. Dan sal dit met hulle goed gaan. So nie, sal Hy die siektes oor hulle bring waarmee Hy Egipte getref het.

As die Here vir ons by die bitter waters van Mara bring, het Hy 'n heerlike doel daarmee. Laat ons daarom nie verbitterd daarteen *vaskyk* nie, maar - soos Moses - biddend na die Here *opkyk*. Laat ons vir ons afvra of ons alles doen wat die Here vir ons voorskryf (15:26). En laat ons skuiling soek by ons Here Jesus, Hy wat deur sy dood en opstanding die bitter sondewaters van ons lewe verander het in die soet waters van vergifnis en vrede by God.

Sing Psalm 119:23

Dr. C J. Malan (Emeritus)